Dors Na Die Lewe

Baie dankie. [Gemeente gee applous—Red.]

2 Dankie, vriende. [Leë kol op band—Red.] Dis 'n voorreg om weer terug te wees vanaand by die tent om—om vanaand weer in die Naam van ons Here te praat. En nou, voor ons Sy Woord oopmaak, laat ons eers net 'n woord met Hom hê, soos ons ons hoofde buig.

3 Here God, dit is inderdaad 'n voorreg wat ons het om na U toe te kom, ons is gevra om dit te doen deur U dierbare Seun, die Here Jesus. En ons is seker dat U ons sal hoor, soos ons kom in Sy Naam, want Hy het dit duidelik gemaak, dat as ons die Vader enigiets in Sy Naam vra, dit toegestaan sal word.

4 En God, ons is hier vir geen ander doel vanaand nie, maar tot die glorie en eer van U, en van U Koninkryk, en vir die—die bevordering van U Koninkryk, dat ons almal 'n nuwe kykie sal kry vanaand van die geseënde Verlosser, dat Hy in ons midde mag inkom en al ons ongeregtigheid sal wegneem, en die droefheid uit ons harte wegneem, siekte uit ons liggame neem en ons vreugde, en goeie gesondheid, en krag gee, en ons innerlike mens versterk, want ons soek na Sy spoedige en sigbare verskyning om Sy Kerk weg te neem wat Sy Bruid genoem word.

5 Skenk, Here, dat elke sonde en sonde van oortreding of nalatigheid, wat dit ook al mag wees, van ons weggeneem sal word vanaand, dat hierdie die begin van 'n groot onwrikbare herlewing sal wees totdat Jesus terugkeer. Skenk dit, Vader.

6 Nou, soos ons die bladsye omblaai, is daar niemand wat die Woord kan interpreteer behalwe U nie, en ons sou vra dat die Skrywer van hierdie Boek vanaand vir ons die boodskap sal uitlê. Saai die Saad diep onder in die hart, ontvang eer. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

7 Ek het pas ingekom saam met die vrou en familie, daarbuite 'n paar oomblikke gelede, ek het 'n boodskappie hier ontvang, geskryf, en dis van Ed Vibbert. Wou weet of ek enige familie van die Branhams was in Burkesville, Kentucky. Ed, jy's my neef. Broer Vibbert, by Indianapolis, julle broer, en die een by Evansville, Indiana, by die groot Gemeente van God kerk daar, is, ons is eie bloedneefs. Waar jy ook al is, ek sal jou graag wil ontmoet en jou hand skud na die diens, een of ander tyd. Die Here seën jou.

8 Dan, wil ek ook aankondig dat vanaand, by die boektafel, waar dit ook al hier is, sal die bandopnames van die dienste en plate daar wees. Mnr. Mercier en Mnr. Goad, my medewerkers, wat die plate neem, of, die boodskappe neem en hulle op band

sit, en op van band tot plaat, en plaat en bandopname is beide nou by die boekstalletjie, kan gekoop word vir omtrent een derde van die prys wat jy sou betaal vir 'n plaat in 'n tien-sent winkel, as jy het 'n . . . En as jy nie 'n aanpasser het nie, hulle het dit.

9 Ons is nie hier om te verkoop nie, dit is nie ons doel nie. Enigiemand wat my ken, weet dit. Ek was nog nooit skuldig daaraan om Jesus Christus ooit te kommersialiseer nie, en ek—ek glo nie daarin nie. En ek, enigste ding waarvoor ek dit wil doen, is omdat ek dink dit sal iemand help. En die kêrels, toe hulle die bandopnames geneem en die bandopnames verkoop het, het ek na 'n ander evangelis toe gestuur en 'n bandopname gekry, en ek dink dit was omtrent drie keer die prys wat hierdie kêrels hulle verkoop, want hulle koop duisende maal duisende van hulle in groepe, en hulle het dit. Dis net vir die bevordering van die Evangelie. Dis . . .

10 Dan die boeke wat ons het, natuurlik, ons het hulle nie hier nie, want hulle word hier gedruk. Broer Gordon Lindsay, ons medebroer hier, hy het die boek geskryf, *Man Gestuur Van God*, en dis in druk, en Broer Lindsay druk dit hier, en ek koop hulle by Broer Lindsay wanneer ek hulle uitneem in die dienste, op 'n afslag van, glo ek, omtrent veertig persent minder as wat hy . . . wat ek . . . die oorspronklike koste van hulle is. En dan neem ek hulle uit, en huur iemand om hulle te verkoop, ensovoorts. En enigiemand wat ooit boeke verkoop het, weet dat jy hulle skaars kan verkoop op enige manier om wins uit hulle te maak, want as enigiemand verbykom en nie die geld het nie, die boek wil hê, sal hulle dit in elk geval kry, sien, foto's of enigiets, dit maak geen verskil nie.

11 En ons moet hierdie foto druk wat geneem is van die Engel van die Here onder 'n kopiereg. En Broer Lindsay en hulle almal weet alles daarvan, wat ons toestemming vir *soveel* moet kry, en net uit by die prys waarvoor ons dit kry. So julle sien . . .

12 En ons verplig nie, of sovoorts nie, maar ek het net hierdie vermelding gemaak, of as julle hulle wou hê, sou dit reg wees om hulle op te tel teen die einde van die diens by die—by die uitgewer of die boekstalletjie, waar dit ook al is.

13 En nou, ons geniet beslis ons verblyf hier, en kry net 'n baie warm begrip, of ontvangs, hieronder, liewer.

14 Ek het na 'n winkeltjie toe gegaan vandag, en goeiste, ek het gesê: "Dame, raak dit enigsins warmer hier in Texas."

Sy het gesê: "Jy moet hier wees in Augustus."

Ek het gesê: "Dit versmoor my omtrent."

15 So, julle weet, ek is gebore in Kentucky, en net half tussen die noorde en die suide. Maar, julle weet, siende dat julle almal 'n klomp suiderlinge is, vanaand, ek is 'n suiderling wat gebore is in Kentucky.

16 Pas uit die New England state uitgekom, en ek het vir hulle almal daarbo gesê ons het die oorlog gewen. Julle weet dit almal, nie waar nie? Sekerlik, ons het. Hoe ons dit gedoen het, ons het die res van hulle oorleef. Dit was net. . . Daar's een suiderling oor en geen noordelikes nie. En toe die laaste noordelike tromslanertjie gesterf het, het julle in die koerant opgelet, net voor sy dood, het die suiderlike vir hom 'n boodskap gestuur en hy het gesê: "God seën jou, Yankee. Ek hoop om jou gou weer te sien."

17 Waarom kon hulle nie in die begin aan dit gedink het nie? Dis reg. Dan sou dit alles verby gewees het. Dis reg. Wel, ons sal hulle hê tot Jesus kom, en dan sal ons nie meer enige probleme en oorloë hê nie. Sal dit nie 'n wonderlike tyd wees nie? Ons het Hom lief, en met ons hele harte.

18 En nou, ek het vanmôre gepraat in 'n klein restaurant, ek het rond besoek, en ek het 'n man ontmoet wat opgekom en my hand geskud het, gesê: "Jy ken my dalk nie, Broer Branham," maar gesê: "ek. . . jy het gebid vir my dogtertjie wat," ek dink hy het gesê: "epileptiese aanvalle gekry het," gesê: "van daardie einste uur af, het sy nog nooit weer een gehad nie."

19 En toe het hy gesê: "Ek het," iemand in sy buurt, toe hulle dit gehoor het, twee kleppe in sy hart het toegemaak, en Hy het gebel, en ek het vir hom 'n sakdoekie gestuur. Hy het gesê die man was op, aan die gang, weer gesond.

20 Die man is hier in die diens vanaand, hy's 'n prediker, ek—ek het sy kaart in my sak, maar hy wil dalk nie eens hê ek moet. . . As jy wil, broer, kan jy jou hand opsteek, met wie ek ook al gepraat het in die. . . Ver agter aan die agterkant, daar is hy daaragter aan die agterkant.

21 So dan, om rond te gaan en getuienisse te hoor, ensovoorts, dit was goed. En vandag, het ek afgegaan om hulde te bring om die skool te sien waarby my seun was, by Waxahachie, hieronder, hulle goeie skool gesien. Maak my bly om te weet dat die volle Evangelie mense 'n skool het wat hulle die kinders kan grootmaak volgens die weg van die Here. Ek's so dankbaar vir Waxahachie, ek dink Suidwestelike word dit genoem, Bybelskool.

22 Toe na my goeie vriend Jack Coe, ek het verbygegaan en sy plek gesien. Iets het net, ek's temperamenteel, in elk geval, en iets, toe ek Jack se naam gesien het, en, op die weeshuis daarbuite, en daardie klomp kindertjies daarbuite wat om 'n tentjie speel, het ek gedink: "God, laat sy dapper siel rus."

23 En ek het 'n rukkie gelede met sy swaer gepraat, ek was by 'n klein kruideniersware om 'n paar goed vir die kindertjies te kry, en ek het sy swaer ontmoet, en—en die prediker wat daar oorkant help, die suster wat aangaan met die kerk. En hy was genadig om my na sy kerk toe te nooi en om 'n diens

vir hom te hou een of ander tyd. En ek het gesê: "As die Here toelaat, wil ek dit graag onder een ding doen, dat julle 'n kontrak met my sou aangaan voor ek kom: alles sou gaan na daardie klein weeshuisie toe daaronder. Daardie kleintjies te sien wat daaronder rondspeel met geen pappa, geen mamma nie, en 'n . . . nie 'n . . . en 'n leier wat heengegaan het na die Heerlikheid, wat daardie groot visioen gesien het. God rus die siel van my Broer Jack, 'n groot siel inderdaad.

24 Ek onthou die eerste keer wat ek hom gesien het, ek het dit nooit vergeet nie, hy was die snaakste kêreltjie, baie maer, en hy het na my toe gekom, en hy het gesê: "Sê vir my wat verkeerd is met hierdie vrou in die motor en ek sal jou glo."

Ek het gesê: "Meneer, ek nie . . . kan dit nie doen nie," ek het gesê: "dit kos God om dit te doen."

Hy het gesê: "Wel, ek's—ek's nuuskierig, ek wil weet."

En ek het gesê: "Ek sal soontoe gaan en vra." En toe ek daar oorkant kom, het die Heilige Gees gesê wie sy was en alles van haar.

Hy het gesê: "Dit handel dit af vir my."

En ek het gesê: "Jy's net 'n klein, snaakse predikertjie, en eendag, sal jy hierdie einste ding doen, bid vir die siekes."

25 Die volgende keer wat ek hom gesien het, was in Chicago, omtrent tien jaar later, hy het beslis groot geword. Ek het gesê: "Broer Jack, wat het gebeur?"

Hy het gesê: "Twee T-been biefstukke na elke diens en so twee of drie moutmelkies."

26 Ek het gesê: "Hulle het sekerlik nie die kalorieë uitgevat nie," het ek gesê.

27 Net 'n goeie kêrel, en mag God sy siel laat rus, is my gebed. Om hier te wees op hierdie gronde naby aan waar Jack Coe eenmaal bedien het!

28 Nou, eendag sal ek ook weg wees, eendag sal ons almal weg wees.

Afskeid, laat agter ons
Voetspore in die sand van tyd.

29 Mag God altyd sy werk laat voortgaan. Mag ons getrou wandel in die saak waarvoor hy gesterf het, is my gebed.

30 Ek wil nou net 'n deeltjie uit die Bybel lees. Ek hou net van die lees van die Woord. Julle weet, die Heilige Gees voed op die Woord. Jesus het gesê: "Daar staan geskrywe, die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan."

31 En as jy dit net elke dag neem, nie net as 'n roetine nie, maar net om, o, ek sou sê, om dit net te maak dat jou hart daarvoor verlang, om net elke dag te gaan sit en *soveel* uit die Bybel te

lees, julle sal verbaas wees wat dit sal doen met julle geestelike groei, dit sal beslis. "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan.

32 So laat ons vanaand blaai, wat ek gekies het vir 'n onderwerp of voorlesing, Skriflesing, uit die Psalms, 63ste Psalm. En ek wil graag net 'n gedeelte daarvan hier lees, die 1ste, en 2de, miskien, 3de vers.

> *O God, u is my God; u soek ek: my siel dors na u, my vlees smag na u in 'n dor en uitgedroogde land, sonder water;*
>
> *Om u krag en u heerlikheid te sien, . . . soos ek* dit *in* U *heiligdom gesien het.*
>
> *Want u goedertierenheid is beter as die lewe, my lippe moet u prys.*

33 Het julle al ooit sulke woorde gelees? "My siel verlang na U in 'n verdroogde land, sonder water." Hierdie is nogal 'n ongewone teks, maar God is ongewoon, God doen ongewone dinge, en Hy werk op geheimsinnige maniere, om Sy wonders te doen.

34 En ons lewe in 'n ongewone dag en 'n ongewone tyd, maar ons dien die God wat in alle tye was. En toe ek hieraan gedink het, weet julle: "my siel dors na U," dit, jou siel is wat jou rig, dis wat jou maak wat jy is. 'n Bekering is . . . 'n siel is die natuur van die gees, en wanneer 'n man bekeer is, kry hy nie 'n ander gees nie, hy kry 'n gees-verandering. 'n Bekering beteken om sy denke te verander, sy manier van lewe verander, ensovoorts, so: "my siel dors na U."

35 En ek het gedink: "Want U goedertierenheid is beter as die lewe," wat is beter as die lewe? Sê my net een ding, vanaand: Wat is beter as die lewe? Niks is beter as die lewe nie.

36 En daar's net een tipe Ewige Lewe, en daardie Lewe kom van God af. Enigiets wat 'n begin gehad het, het 'n einde, dis daardie dinge wat nie 'n begin het nie, wat geen einde het nie. En in die begin, God, Ewige Lewe, en dan uit die Ewige Lewe, wat in die Grieks genoem word *Zoe*, of "God se Lewe," Agapao liefde, en phileo liefde, ensovoorts. Soos ons afkom soos van Agapao liefde af, is die liefde wat God se liefde is, phileo liefde is die liefde wat jy vir jou vrou het, of jou vriend.

37 Nou, baiekeer raak die kerk deurmekaar daarmee, en hulle probeer phileo liefde toepas, wat "vriendskap" beteken, om soos Agapao liefde te wees. Maar hier's die verskil: As jy jou vrou liefhet soos jy moet, en 'n man sou jou vrou beledig, sou jy hom doodmaak, want jy sou jaloers wees op haar, dis waarnatoe phileo liefde sou lei; maar Agapao liefde sal jou laat bid vir sy verlore siel, dis die verskil, sien, dis die verskil. God . . .

38 Alles wat nou is, is iets wat reg was; en alle ongeregtigheid is verdraaide geregtigheid. Daar is niks wat nog nooit was nie. Byvoorbeeld, alle sonde is geregtigheid wat sonde gemaak is.

39 Nou, julle het mense hoor sê dat die duiwel kan genees, daar's net een ding verkeerd met daardie stelling: Die man wat daardie stelling gemaak het, ken nie sy Bybel om mee te begin nie, hy ken ook nie die God Wat Dit geskryf het nie. Die duiwel het geen krag om te genees nie, en kan nie genees nie, en het nog nooit genees nie, en sal nooit genees nie.

40 Ek het 'n Lutherse kollege in Minneapolis, Minnesota vanaand met tekens en wonders onder hulle mense, want die prediker het vir my die brief geskryf en gesê: "'n Man wat met die mense praat, soveel as wat jy doen, en sê dat die duiwel nie kan genees nie!"

41 En hy het op 'n heks probeer baseer, of 'n vrou, dat mense kom, en rond voel, en sy sê vir hulle dat, wel, sy sou 'n haartjie uit haar kop pluk, en dit invryf in 'n bietjie bloed uit hulle are, en afgaan, dit in die rivier gooi, en begin terugstap, as sy gedwing word om rond te kyk, kom die siekte terug, maar as sy voortgaan, dan word die mense gesond. Hy het gesê: "Ons het dopgehou, en twintig of dertig persent van daardie mense is genees, en dan sê jy die duiwel kan nie genees nie."

42 Ek het gesê: "Die vreemde ding is, vir jou, Dr. Hegre, is dit: Ek is verbaas dat jy, as 'n Lutherse dekaan jou doktrine sou baseer op 'n ondervinding, in plaas van die Woord van God." Dis reg. "Jesus het gesê: 'Satan kan nie Satan uitdryf nie.' Dit handel dit af."

43 Ek het gesê: "Natuurlik, baie mense wat sê daar gaan Goddelike genesers deur die land. Daar is nie so-iets nie, ek het nog nooit in my lewe een gesien en sal nooit een sien nie, God is die Geneser."

44 Maar die mense wat partymaal mense nader wat sulke stellings maak, genees word. Dis waar. Ek het toor—toordokters gesien wat die mense genees het, maar wat is dit? Ek het hulle na afgode sien gaan, daar by La Salle, Lorraine, Frankryk, hulle gaan na 'n afgod van 'n dooie vrou toe en word genees, maar dit is nie omdat die dooie vrou dit gedoen het nie, dis die mense wat dink hulle nader God deur die vrou.

45 Soos dit is met die Goddelike genesers, soos is dit ook met die—die heks, hulle het gedink hulle nader God deur die heks, en God moet geloof eer, ongeag van waar dit is. Dis reg. So daar is geen genesing . . .

46 Wat is genesing? Genesing is die ontwikkeling van selle, 'n vermeerdering van selle, maak selle, herstel. Jy mag jou arm breek, dokter kan nie jou arm genees nie, hy kan dit spalk, God moet dit genees, maar Hy's die enigste Skepper wat daar is. Satan kan nie skep nie, hy verdraai wat God geskep het.

47 Ek het ’n gemengde gehoor, natuurlik, en ek’s julle broer, en julle luister na julle dokter. Aan julle getroude mans, jy het jou vrou, jy lewe saam met jou vrou, die daad van vrou en man wees, is net so wettig as wat dit kan wees; maar dieselfde daad met ’n ander vrou, is jy gedaan. Wat is dit? Verdraaide geregtigheid. Dis reg. Alle sonde is verdraaide geregtigheid.

48 Nou, ek’s nie ’n Bybelonderrigter nie, so ek sal daarvanaf oorstap na my onderwerp. Lewe, wat is lewe? Wel, lewe is wat jou beheer, lewe is wat jou maak wat jy is. En die lewe wat in jou is, maak jou die geskrewe brief, gelees deur alle mense.

49 So terwyl ons van lewe praat, Ek het ’n tyd gelede gedink, ver onder in die suidelike state toe hulle slawerny gehad het, en wanneer hulle die slawe sou dryf soos diere, en—en hulle sou hulle opsit en hulle afbring soos jy sou in ’n gebruikte motorhandelaar, en sou maak . . . En hulle sou omkom, makelaars, en hierdie sekere slawe koop. En hulle sou verbykom en een of ander groot, swaar, gekleurde man koop en hom uitneem en hom aan iemand anders verkoop, en wins maak op hulle, net soos julle maak op julle motors, ensovoorts, vandag.

50 En daar het ’n sekere makelaar verbygekom by ’n—’n ou plantasie en hy het gesê: “Hoeveel slawe het jy op hierdie plantasie?”

En die eienaar het gesê: “Omtrent honderd-en-vyftig.”

“Is daar enige te koop?”

Hy het gesê: “O, ek weet nie, miskien kan ons uitruil, of iets doen.”

51 En toe hy gegaan het om hulle deur te kyk . . . Nou, die slawe is verkoop aan die State hier deur die Boere, wat Afrikaans was. En hulle het hulle hiernatoe gebring van Afrika af en hulle verkoop, en hulle was weg van vader, moeder, babatjies, man, vrou, sou hulle nooit weer sien solank as wat die tyd aangerol het nie. En hulle was hartseer, en hulle moes baiekeer geslaan word om te werk. Hulle sou swepe dra en hulle daarmee slaan om hulle te laat werk, omdat hulle hartseer en terneergedruk was.

52 En hulle het opgelet, hierdie sekere koper, dat daar een slaaf onder hulle was wat hulle nie hoef te geslaan het nie, ’n jong kêrel, regop en aan die gang, ken op, bors uit, net gereed om op enige tyd op te tree. En die koper het vir die eienaar gesê: “Ek wil graag daardie slaaf koop.”

“O,” het hy gesê: “maar hy’s nie te koop nie.”

Hy het gesê: “Wat maak hom soveel anders as die res van hulle? Moet jy hom ooit slaan?”

Hy het gesê: “Nooit.”

Hy het gesê: “Wat maak hom soveel anders? Is hy die baas oor al die res van hulle?”

Hy het gesê: "Nee, hy's net 'n slaaf."

Hy het gesê: "Miskien voer jy hom 'n bietjie beter as wat jy die res voer?"

Gesê: "Nee. Hy eet buite in die kombuis saam met al die res van hulle."

Hy het gesê: "Wel, wat maak hom soveel anders as die res van hulle?"

53 En die eienaar het gesê: "Meneer, ek het dit self vir 'n lang tyd bevraagteken, totdat ek die waarheid gevind het. En hierdie is die waarheid," hy het gesê: "Ek het uitgevind, dat hy oorkant in die tuisland die seun van die koning van die stam is. En al is hy 'n vreemdeling, en onder vreemdelinge, tog gedra hy homself as 'n koning se seun."

54 O, as dit 'n Neger, wat geweet het sy vader was 'n koning, en hy was 'n vreemdeling, homself regop sou laat hou om homself as 'n koning se seun te gedra, wat behoort dit te doen aan die kinders van God, die seuns en dogters van God? Ons behoort onsself as ware kinders van die Koning te gedra, ons behoort vreesloos te wees wanneer dit kom om die besluit te neem oor God se Woord.

55 As God so sê, staan daarby, God het dit gesê, dit kan nie faal nie. As God ons Ewige Lewe belowe het, het ons Ewige Lewe. Hy kan net so min lieg as wat Hy kan ophou om God te wees.

56 En die een ding wat ek gevind het van preek in die kerke, ek vind twee soorte mense, dis die fundamentaliste en die Pinksters. En ek vind fundamentaliste weet posisioneel waar hulle staan, maar hulle het geen geloof nie; en Pinkster het baie geloof, maar weet nie hoe hulle staan nie. Dis net soos 'n man wat geld in die bank het en nie 'n tjek kan uitskryf nie, die ander een kan 'n tjek uitskryf en het geen geld in die bank nie. As jy hulle ooit bymekaar kan kry!

57 As die Pinkstermense ooit sou herken wie hulle is! Hulle is seuns en dogters van God. Alle vooroordeel, en denominasionalisme, en—en verskil sou afgebreek word, en hulle sou mekaar omhels, en hande skud, en die heerlikheid van God wat universeel val, as hulle net hulleself sou kenmerk en besef, dat hulle seuns en dogters van God is.

58 Maak nie saak of ons in 'n vervreemde wêreld is, of ons onder vreemdelinge is, ons is reisigers en vreemdelinge, maar ons soek na 'n Stad wat sal kom, wie se Boumeester en Oprigter God is. Wat gee ons dan om vir hierdie wêreld, en omtrent al sy fantasieë en al sy glorie? Elke deeltjie daarvan sal eendag vergaan. Hierdie volk is op die rand om in duie te stort op enige oomblik nou, en dit kan voor die oggend gebeur.

59 Ek het gestaan waar die Faraos gestaan het, en moes twintig voet grawe om hulle troon te vind; en waar die keisers van Rome

gestaan het, en jy sou ver onder die grond grawe om te vind waar hulle koninkryke was. Maar, broer, ons ontvang 'n Koninkryk binne-in ons, as seuns en dogters van God wat regdeur Ewige eeue dit sal bly.

60 Ons het niks om oor treurig te wees nie, ons moet almal gelukkig wees daaroor. Geen wonder die mense raak luidrugtig nie, dis genoeg om hulle raserig te maak. Ek hou soort van van 'n bietjie geraas, dis 'n teken van lewe. Jy weet enigiets, ek kan dit bewys, wetenskaplik, as dit nie 'n bietjie geraas daaroor het nie, is dit dood. So as jou godsdiens nie 'n bietjie raserig raak nie, beter jy dit begrawe, en een kry wat iets het.

61 Toe Aäron, die hoëpriester, gesalf was om in die Allerheiligste in te gaan, het hy 'n klokkie en 'n granaat—klokkie en 'n granaat aan die some van sy klere gehad, en dit was vir 'n doel, dat wanneer hy in hierdie heilige plek ingegaan het, as daar nie enige geraas was nie, was hy dood, maar solank daar geraas was, was daar steeds lewe.

62 So solank jy nog mense kan sien wat genoeg God in hulle hart het om "Amen" te sê, in die teenwoordigheid van hulle baas, of hulle buurman, of wie dit ook al mag wees, dit wys dat God steeds lewe. Lewe, wat is beter as die lewe?

63 Nou, toe ek aan hierdie dinge gedink het soos hierdie lieflike Psalmdigter daarvan gepraat het, Dawid, ek het altyd gehou van sy . . . om hom op te lees, want ons het 'n paar dinge in gemeen gehad, idees wat ons die Here saam liefhet, en ons hou ook van buitelewe. Dawid, met die—die skaduryke weivelde, of, die groen weivelde en die stil waters, alleen met God.

64 Ek het met 'n man gepraat vandag, 'n prediker van Colorado. Hoe dikwels het ek gegaan vir 'n uittog, wens dat ek kon na hierdie, net bo in die berge om alleen te wees, hou God dop vir 'n rukkie.

65 Eendag, ek onthou, ek weet ek's bietjie van my onderwerp af, maar ons is nie formeel nie, en so, was ek daarbo aan die jag, en dit was laat, en die sneeu het nog nie gekom nie, en ek moes hoog in die berge ingaan. En die boer waar ek altyd geboer het, wel, hy het 'n ander roete gevat, ek moes hom binne twee of drie dae later ontmoet.

66 En ek het my pakperd vasgemaak en ver bo in die berg opgegaan. En daar was nog geen sneeu om die—die elande ondertoe te dryf nie, so ek het aangestap. In die—in die herfs van die jaar, laat, kom daar 'n—'n reën, en dan 'n sneeu, en dan sal die son skyn, ensovoorts. En daar het 'n groot windstorm afgekom, soos ons dit daarbo noem, 'n Noordelike, 'n warrelwind, en ek het agter 'n boom ingegaan en het daar gestaan.

67 En ek het gedink soos die storm gewaai het: "O God, Elía het eendag agter in 'n grot ingegaan, en die storms het verbygekom, maar hy het U nie in die storm gehoor nie." So, terwyl ek hieraan

gedink het, het die storm opgehou, en—en die son het uitgekom en geskyn in die weste, sy groot, majestieuse oog wat deur die skeure van die rots kyk.

68 En ek het opgelet soos die reën geval het en die immergroen gevries het, het daar 'n reënboog gekom, en die reënboog het 'n sirkel oorgetrek. En ek het daarna gestaan en kyk, ek het gesê: "O God, hoe groot is U! Daar is U in daardie reënboog. U het dit belowe met 'n belofte," en ek het gesê: "aan Noag, dat U nie weer die wêreld met water sal vernietig nie.

69 "En toe het Johannes vir Jesus sien sit in Openbaring 1 met 'n reënboog bo-oor Hom, en Hy het in voorkoms gelyk soos jaspis en sardiussteen, wat Benjamin en Ruben was." En—en terwyl ek aan daardie dinge gedink het, het ek die Gees van God voel beweeg op my; julle weet hoe jy begin voel.

70 My moeder is 'n half-Indiaan, en my—en my bekering het dit nooit uit my uitgehaal nie. En ek het die ou grys wolf gehoor, huil bo in die berg en die maat wat onder in die vallei antwoord.

71 Dawid het gesê: "Wanneer die diepte roep na die diepte . . ." Dit het regtig toe begin roep. Toe het ek die ou eland-beuel gehoor wat verdwaal het in die trop, en ek het so bly geraak, ek het so godsdienstig geraak, dat—dat julle mag dink ek is mal, maar ek het my geweer neergesit teen die boom en om, en om, en om die boom het ek gegaan, net so vinnig as wat ek kon gaan, geskree so hard as wat ek kon. O, alleen met God!

72 Ek reken as iemand in die woude ingekom en my gesien het, sou hulle gedink het hulle het iemand uit die inrigting vir kranksinniges daarbuite gehad, maar ek het nie omgegee nie, ek het God aanbid, en dit het geen verskil gemaak wat enigiemand gesê het nie, ek het net myself geniet.

73 En: "O," het ek gesê: "God, daar is U in die sonsondergang, daar is U in die reënboog, daar is U in die roep van die wolf, daar is U in die beuel van die eland. O, U is oral!" Dis waar.

74 En net toe, het 'n ou denne-eekhorinkie, soort van die bloubaadjie polisieman van die woude, net klomp lawaai, en dis omtrent al wat daar aan hom is, opgespring op 'n ou stomp daar by die omgewaaide bome, en hy het gemaak asof hy my uitmekaar sou skeur. En ek het gesê: "Nou, kyk kêreltjie, dit help nie dat jy so rof raak nie, jy kan niemand slaan nie, en niemand is bang vir jou nie, so waarom gaan jy aan? Eerste plek, sal ek jou nie seermaak nie." En o, hy het my net opgekerf. En ek het gedink: "Wel, waarom het jy my gestop om die Here te aanbid? Het ek jou opgewonde gemaak? Ek aanbid dieselfde God wat jou gemaak het."

75 En soos ek 'n bietjie daar gedink het, het ek opgelet hoe hy sy koppie laat sak en afkyk onder waar die—die ou omgewaaide boom was, en hy het nie vir my dopgehou nie, dit was iets daaronder wat hy dopgehou het.

76 En die winde het ’n groot arend gewaai, ons het bruin arend in Colorado, hom afforseer onder hierdie omgewaaide boom in, en hy was baie opgewonde oor daardie arend. En die groot kêrel het opgespring op die tak, grasieus van aansien. En ek het gedink: “Here God, hier is U, U is oral in die natuur, soos Dawid U gesien het, U bly steeds in die natuur, U bly in mense, U is net dieselfde God, so waarom sou U my keer om U te aanbid?” Julle sien, God doen alles ten goede.

77 Julle sê: “Wat van daardie siek kind?”

78 Ten goede, kry God ’n getuienis, glorie, miskien redding van siel om dit te genees. Alles werk ten goede mee. En toe soos hulle Hom begin aanbid het . . .

79 En ek het gedink: “Hoekom het ek gestop?” Ek het opgelet daar was iets omtrent daardie arend, dat hy nie bang was nie. Julle weet, God kan nie lafaards gebruik, as julle bang is nie, bly net weg, in elk geval. As jy nie Sy Woord wil neem vir wat Hy gesê het nie, bly net uit die weermag uit, dis al, Hy kan jou net nie gebruik nie, sien.

80 So, ek het opgelet dat hy nie bang was nie. En ek het gesê: “Groot kêrel, weet jy ek kan jou skiet?” En my geweer het teen die boom gestaan, en hy, daardie yslike groot grys oë het na my gekyk, en hy het geweet dat hy in daardie boomtoppe kon wees voor ek ooit my hand op daardie geweer gekry het. En hy—hy, daar was iets omtrent hom dat hy geweet het waar hy was.

81 Ek hou daarvan om Christene soos daardie te sien, wat net nie lamsakkig is nie, dat jy Metodis is vandag, en ’n Baptis môre, en iets anders die volgende dag. Weet waar jy staan, weet Wie jou Verlosser is, waar jou lewe vandaan kom.

82 En ek het opgelet waarom hy dit gedoen het, hy het baie vertroue in sy vlerke gehad, Hy het daardie vere bly voel om te sien of hulle heeltemal in werkende orde was.

83 Ek het gedink: “Dis reg. Dis wat U wil hê ek moet weet, Here, dat U vir daardie arend twee vlerke gegee het, en hy weet wat hy kan doen met daardie twee vlerke. En hy ken die afstand wat ek sou moes gaan vir daardie geweer, en die sprong wat hy sou moes maak, hy kon buite my sig wees, byna, voor ek die geweer gekry het.

84 En ek het gedink: “As ’n arend weet waar hy staan met twee vlerke, wat behoort die Kerk te doen met die Heilige Gees om te weet in watter tyd ons is. Sien? Maar die ding, solank jy kan voel dat Hy om jou is, dis die hoofsaak.

85 Hy het geluister . . . Ek het hom nie gepla nie, ek het hom bewonder, maar daardie denne-eekhorinkie het opgetree asof hy hom sou opkerf, hy het genoeg daarvan gehad, so hy het net ’n yslike groot sprong gemaak en omtrent twee klappe, toe het ek gesien waaroor God my opinie verander het. Ek het die groot

kêrel gesien, hy het nooit net aanhou klap nie, hy het net geweet hoe om sy vlerke te stel, en elke keer wat die wind gekom het, het hy net opgery daarop, hoër, hoër, hoër opgegaan, totdat hy net 'n klein stippeltjie was.

86 En ek het gehuil soos 'n baba, ek het gesê: "Dis reg, Here. Dis nie aansluit by Metodis, Baptis, Presbiteriaan nie, dit is nie om na *hierdie* genesingsdiens en *daardie* een toe te stroom nie, dis om net te weet hoe om jou vlerke te stel in die krag van God, en wanneer die Heilige Gees inkom, bokant dit op te ry, bokant dit te ry.

87 Hy het siek en sat geraak daarvan om daardie "*Babbel*, *babbel*, *babbel*, *babbel*!" te hoor. En so doen 'n man van God wat weet hoe om sy vlerke te stel in die geloof van God. En dadelik, wanneer die Heilige Gees inkom soos 'n golf, wegkom van hierdie "*Babbel*, *babbel*!" af hier, "Dae van wonderwerke is verby, daar's glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie, daar's glad nie so-iets soos 'n hartroerende godsdiens nie." Stel net jou vlerke in die geloof en krag van God en ry weg daarvan, kom weg. Sekerlik. Ontvang Lewe, God se Lewe.

88 En Dawid, wat hierdie dinge opgelet het, en hy het gesê: "In 'n droë en 'n verdroogde land, dors my siel na U, O God. Ek verlang om U krag te sien soos ek dit in U heiligdom gesien het, want U goedertierenheid is beter as die lewe."

89 Toe het ek gedink: "Beter as die lewe? Wat kan beter wees as die lewe?" So die lewe het twee betekenisse: Een daarvan wat mense vandag *lewe* noem, is nie lewe nie, maar dis dood. Baie mense dink dat sonde, drink, dobbel, gefuif, hulle noem dit *lewe*.

90 Jy gaan vanaand hier af na een van die danskroeë toe, en jy kan hulle sien dans en die jong dames en die jongmanne van hierdie pragtige stad, jy kan hulle hoor skree, en dans, en drink, en hulle sê: "O, ons lewe!" Jy's verkeerd, jy's sterwend.

91 Daardie soort lewe kon nie wees waarvan Dawid gepraat het nie, want daardie lewe raak so ellendig, totdat mans 'n pistool neem en dit teen hulle kop sit en hulle brein uitblaas met daardie soort lewe. Mans klim na die hoogste verdiepings in hulle hotelkamers, daarbo met, lewe saam met vroue, en drink, en hulle hande vashou, en afspring na hulle dood toe, waarnatoe daardie soort lewe lei. So Dawid kon nie daardie soort lewe bedoel het nie. So dit het 'n verdraaide, julle sien, dis 'n verdraaide lewe.

92 Dan as daardie soort lewe nie reg is nie, wat is die regte soort lewe dan? "U goedertierenheid is beter vir my as die lewe. Nou, en my siel dors na U, O God. Ek verlang om U te sien." Nou, wat laat 'n mens enigiets soos daardie wil doen?

93 'n Tyd gelede, in 'n groot stad, en was omtrent 'n jaar gelede, dit was verlede somer in 'n groot Kanadese stad, toe ek die Amerikaners sien inkom het, was ek skaam vir hulle, dronk en

aanganery; daar was een of ander soort losie-byeenkoms daar. En daardie aand toe ek van die arena af gekom het, en in die groot hotel ingegaan het, en ek begin opgaan het, en die bottels whisky, leë bottels was oral in die hysbak. En ek het vir die seun gesê, ek het gesê: "Hulle moes wees, iemand moes baie dors gewees het."

94 En hy het gesê: "O, dis 'n dronk gemors, Prediker," en hy het my op my vloer afgelaai. En toe ek het, het ek uit die hysbak uitgeklim, en ek het gekyk met die gang af, en hier kom twee Amerikaanse vroue, jong, mooi vroue, omtrent vyf-en-twintig, dertig jaar oud, albei van hulle met trouringe—ringe aan, en niks aan behalwe net hulle onderklere, bottel whisky in hulle hande, wat oor die vloer aankom, mans wat hulle van kamer tot kamer sleep, en miskien hulle man by die huis, wat baba oppas. Maar wat is dit? Hulle is uit vir 'n bietjie onskuldige pret. Dis, die loon van sonde is die dood.

95 En daar was mans, net ses van een en 'n halfdosyn van die ander, daar was mans wat na hierdie vroue gegryp het, met waarskynlik hulle vrou by die huis wat baba oppas sonder om te weet waar hulle was. Dit wys net, óf manlik óf vroulik, God haat sonde; Hy het die sondaar lief, maar Hy haat sonde.

96 Daar, in daardie toestand, gaan miskien Sondagskool toe en behoort aan een of ander kerk iewers. O, ek het in die kamers ingegaan en uitgevind dit was Sondagskoolonderwysers wat so opgetree het. Geen wonder ons kan nie herlewings hê nie. Ons mag tienduisend Billy Grahams hê, en nooit 'n herlewing hê solank die kerk nie skoongemaak is en lewe soos Christene behoort te lewe nie, want hulle is ingeneem deur 'n brief, en deur 'n handdruk, en deur een of ander *isme*. Jy moet gebore word met Ewige Lewe in jou voordat jy kan kom om 'n Christen te wees. O, dis so verskriklik om daaraan te dink.

97 En soos ek daardie pragtige, jong moeders dopgehou het, ek reken hulle was, en een man het haar gegryp, en sy het op die vloer geval, die kledingstukkie wat sy aangehad het, was bo-oor haar rug, en hy het dit van haar probeer afstroop, en ek het net teruggetree in die klein, donker plekkie, ek het gedink: "O God, hoe kan U na so-iets kyk? Sekerlik, sal dit nie lank wees nie."

98 En sodra sy op haar voete gekom het, en die man was te dronk toe hy geval het om weer op te kom, so sy het haar vriend om die nek gekry en deur die kamer het hulle gekom, en sy het daardie klein japon-agtige dingetjie wat sy aangehad het, opgetrek, en haar been in die lug opgegooi, geskree: "Whoopee! Hierdie is lewe!"

99 Dit was te veel vir my, daardie bottel whisky in haar hand, die kwyl wat uit haar mond uitloop. Ek het uitgestap met my Bybel in my hand, ek het gesê: "Net 'n oomblik, ek wil met jou praat."

En sy het gesê: "Hallo daar, skat . . . "

100 Ek het gesê: "Net 'n oomblik, ek's 'n Evangelie prediker," en ek het hulle albei aan die hand gevang. Ek het gesê: "Skaam julle julle nie? Ek wil julle korrigeer op 'n woord, jy het jou voet in die lug opgegooi net nou en daardie whisky gedrink, en gesê: 'Hierdie is lewe.'" Ek het gesê: "Dis dood. Die Bybel het gesê: 'Sy wat in plesier lewe, is dood terwyl sy lewe.'" En hulle het losgeruk en hulle het in die gang afgegaan, so vinnig as wat hulle kon gaan, geen tyd om te staan nie.

101 Maar broer, daardie soort lewe eindig in selfmoord, dit eindig in skeihowe. Maar wat laat 'n persoon dit wil doen? Nou, hier is waar my teks lê, en hier is waar ek by julle wil uitkom: Die rede waarom jy dit doen, en mense dit doen, en dors na die Lewe, is omdat God hulle gemaak het om te dors na die Lewe, maar Hy het 'n mens in sy mondering gemaak om te dors na God se Lewe, en die duiwel verdraai dit en probeer daardie geseënde dors met sonde bevredig.

102 Dis wat vroue sigarette laat rook, dis wat mans sigarette laat rook, dis wat jou laat uitgaan en jouself op die strate ontklee en kortbroek dra, dis wat hierdie mense laat maak soos hulle maak, dis wat die mans en vroue oneerbaar laat lewe teenoor mekaar, dis waarom julle by die huis bly op Woensdagaand om *Ons Is Lief Vir Susie* te kyk, of so-iets, in plaas van om by die biduur te bly, is omdat die duiwel jou 'n suurlemoen gegee het, hy het daardie goddelike dors in jou verdraai en probeer jou bevredig met sy eie gemors uit die hel. Reg. God het jou gemaak om te dors.

103 Wat laat manne dobbel? Wat laat manne aangaan? Wat maak hierdie dogtertjies en seuntjies hierbuite in hierdie ou boegie-woegie, ruk-en-rol, goddelose dinge, is omdat die Sondagskool toegegee het, en die huis verslap het, en die ouers verslap, en die nasie verslap het.

104 Die mens sing die liedere wat hom inspireer. Die rede waarom hulle Elvis Presley's *Heel Verruk* sing, is omdat hulle hulle nie die *Rots van die Eeue, Geskeur Vir My* geleer het nie. Dis hoekom.

105 Die rede waarom mense vanaand nie in uitroepe glo nie, maar sal skree by 'n bofbalwedstryd, is omdat hulle sulke dinge geleer is, en weggehou word van die glorieryke Teenwoordigheid van die Here Jesus wat hulle daardie bevredigende porsie gee.

106 O, hoe mense maak! Dis omdat die duiwel daardie salige, heilige ding geneem het, wat God julle gegee het, en jy waag om daardie heilige dors in jou te probeer les, wat God jou gegee het om na Hom te dors, en dit bevredig met die dinge van die wêreld. Jy sal nooit in staat wees om dit te doen nie, dit kan nie gedoen word nie. En as jy dink jy lewe, omdat jy 'n bietjie beter lewe as iemand anders, 'n bietjie hoër in die wêreld, jy het nog nooit begin lewe, totdat jy daardie dors deur dit laat bevredig word nie:

Fontein gevul met Bloed,

Getrek uit Emmanuel se are,
Waar sondaars gedompel onder die vloed,
En al hulle skuldvlekke verloor.

107 Daar's geen bevrediging totdat daardie dors geles word deur God se Teenwoordigheid nie. Maar die duiwel sê vir jou, jy wil modern wees. "O, as ek net soos Susie kan wees," of wie ook al daardie vrou is wat hulle almal by die huis laat bly om te kyk op Woensdagaand, *Ons Is Lief Vir Susie*, of so-iets, *Lucy*, dis reg. Ja. Jy raak nogal goed "los," [Eng. "loosey"—Vert.], nogal, dit sal ek toegee.

108 En wanneer ons volk 'n punt bereik . . . Nou die dag het ek gestaan, en ek was geskok toe my hotelkamer net oorkant die YMCA, en hulle het die jong kinders ruk-en-rol geleer in die YMCA, nie net dit nie, maar hulle leer dit in die kerke. Hoe kan jy enigiets anders verwag, behalwe 'n tiener, oproerige rampokkers soos ons vandag het.

109 Want die ouers . . . Wat is die moderne ouers, die moderne kerklidmaat? Ek wil julle nie seermaak nie, maar ek sal jou liewer nou 'n bietjie skrikmaak as wat jy eendag verlore gaan in die hel, en ek daarvoor verantwoordelik is.

110 Waar kry jy mamma? By een of ander kaartpartytjie. Wat van pa? Onder by die potspelkamer. Wat van Junior? Buite by 'n . . . sy renmotor aan die gang, op-en-af met die pad, aan die jaag, dis Sondag. Waar is suster? By 'n ruk-en-rol partytjie. En jy met hulle praat oor God, sê hulle: "Ek behoort aan *sekere-sekere* kerk. Ek's net so goed soos jy."

111 Hulle weet niks meer van God af as wat 'n Hottentot van 'n Egiptiese nag sou weet nie. Dis reg. Enigste ding wat hulle ken is een of ander kategisme of kerkgeloofsbelydenis, hulle naam op een of ander boek, en is nooit wedergebore deur die Gees van God nie. Wat ons nodig het, is 'n outydse, God-gestuurde, Pinksterherlewing. Nie net het ons dit nodig in die Metodiste en die Baptiste kerk nie, ons het dit nodig in die Pinkster . . . ? . . .

112 Dit raak iets verkeerds. Dinge het begin opbeweeg omdat die wêreld, die kerk wat eenmaal nie omgegee het nie, hulle hele lewe was aan God geoffer, hulle het aangegaan. Dis waar.

113 En dan is hier 'n ander manier wat die duiwel daardie dors probeer les: Hy probeer jou laat dink jy's reg, net omdat jy by die kerk aansluit. Broer, dis 'n truuk van die duiwel. Jesus het gesê: "Tensy 'n mens wedergebore word, kan hy op geen manier in die Koninkryk ingaan nie." Hy laat jou jou naam op 'n boek sit, hy sal jou op *hierdie* manier laat gedoop word, *daardie* manier, onderstebo, bo . . . Wat doen jy? Net soos die ou gesegde: "Gaan af 'n droë sondaar, en kom 'n natte op." Dit sal jou niks help nie. Maak nie saak hoe jy besprinkel, gegiet, gedoop, onderdompel, of wat ook al is nie, dit sal niks help nie.

114 Die kerk het dit nie nodig vanaand nie, dit hoef nie te stry oor of ons besprinkel moet word, óf of ons gegiet moet word nie, of drie keer gesig vorentoe gedoop, of drie keer agteroor, of hoe, dis net stry. Wat as ons seuns en dogters van God was? Ons sou onsself so gedra het. Dis waar. Wat ons nodig het, is 'n outydse herlewing.

115 Eenkeer het ek en my broertjie wat heengegaan het, ons was buite aan die rondloop in die woude, en ons het 'n ou skilpad gevind. Ek weet nie of julle Texans weet wat 'n skilpad is of nie. En loop soort van snaaks, en ons het gedink dit was die vreemdste ding wat ons nóg gesien het. So ek . . . Toe ons by hom kom . . .

116 Hy laat my net dink aan 'n klomp mense wat na 'n Evangeliediens toe gaan, sodra iets gesê word waarvan hulle nie hou nie, staan op en gaan uit, net terwyl die prediking aangaan, net soos daardie ou skilpad homself teruggetrek het in sy eie dop.

117 Wel, ek het gesê: "Jy weet, wonder hoe ons hom weer kon laat loop." So ek het gesê: "Hoe Mamma my laat hardloop, is met 'n karwats." So ek het gegaan en 'n karwats gekry, en ek het hom net gelooi. Dit het niks gehelp nie. Jy kan dit nie so doen nie, sekerlik, jy kan nie.

118 So ek het 'n rukkie rondgekyk, ek het gesê: "Wel, daar's 'n stroompie wat reg daaronder loop, hy sal loop of ek sal hom verdrink." En ek het hom soontoe geneem en hom onder die water ingesteek, net 'n paar borrels het opgekom en dit was al wat daaraan was.

119 Dit het geen verskil gemaak nie, jy kan hulle op *hierdie* manier, of *daardie* manier doop, help glad nie, jy kan hulle nie so laat loop vir die Here nie. Maar weet julle wat het ek gedoen? Ek het 'n vuurtjie opgebou en die ou kêrel daarop gesit, toe het hy regtig begin loop. Wat ons vanaand nodig het, is nie stry oor geloofsbelydenissies nie, maar wat ons vanaand nodig het, is die Heilige Gees en vuur weer terug in die kerk, met al die outydse magte van God om sonde en selfsug te verbrand, minagting vir mekaar, brand dit uit ons uit met die liefde van God. Dis reg.

120 "U . . . My siel dors na U in 'n droë en 'n verdroogde land. Ek verlang om U krag te sien soos ek dit gesien het." As dit nie 'n prentjie is van die Pinksterkerk nie! "Ek verlang om dit te sien, soos ek dit eenkeer in U heiligdom gesien het, lank gelede, toe die ou heiliges altyd op-en-af in die paadjie geloop en skree en . . . "

121 O, ek onthou dit in my ou Baptiste kerk. Nou, ek kom uit 'n klomp Baptiste, Dr. Davis mag net hier wees vanaand, hy woon hier in Fort Wayne, of, Fort Worth, wat my in die Baptiste kerk ingedoop het, en ons het hulle altyd op-en-af sien loop in die paadjies en vroue wat skree, het daardie yslike groot ou, lang haarnaalde gehad, en hulle sou oraloor die gebou vlieg. Jy kan nie genoeg hare vind op die helfte van die vroue in die gebou om 'n haarnaald daarin te sit nie. Daar's iets verkeerd. Maar hulle

het dit altyd in die Baptiste kerk gedoen, en ons gee voor om 'n bietjie hoër te wees as dit, hulle sny dit alles af.

122 Julle weet die Bybel het gesê hulle hare is hulle heerlikheid. Geen wonder die heerlikheid is alles weg nie. So ons . . . Maar ek sê dit nie as 'n grap nie, hierdie is die preekstoel, hierdie is die plek waar oordeel moet kom, ek preek die Bybel, ek sê vir julle wat God in Sy Woord sê. En omdat die wêreld ingesluip het en trots geneem en in die mense se harte geplaas het, beide mans en vroue, dis waarom ons verlang om weer daardie dae te sien. "My siel dors na U." O, goeiste!

123 Dawid het ook gesê: "Soos die hert wat smag na die waterstroom, so smag my siel na U, O God." Ek dink daaraan, daardie Psalm, hoe Dawid 'n jagter in die woude was, hy het die leeus gejag, en die bere, ensovoorts, met sy slingervel, hoe hy die natuur dopgehou het, en hy het geweet van takbokjag, is miskien grootgemaak daarmee. En hoe die takbok, wat 'n—'n geslepe dier is hy! En hoedat 'n takbok . . .

124 Hulle het 'n wolf of 'n wilde hond; in Afrika is dit 'n wilde hond, in Amerika word dit 'n wolf genoem. Jy sien 'n—'n takbokkie wat vreet, en die—die wolf sal baie maklik nadersluip. En as hy daardie hert onverhoeds kan vang, net soos die duiwel die kerk onverhoeds vang . . . Die ding wat die kerk wou hê, is 'n yslike groot, mooi gebou, en 'n prediker reg uit die begraafplaas, of, die kweekskool, wat kan sê . . . verskoon my, ek het nie bedoel om dit te sê nie, wat opstaan, julle weet, en kan sê: "Ah-men," so pragtig, broer, en aantrek . . .

125 Wat makeer die wêreld vandag? Ons het te veel klein, kinky-haar, Hollywood evangeliste, in plaas van die outydse God-gestuurde, helse vuur en swawel-pastore. Dis reg. Hardloop op-en-af oor die vloer, en vroue op die platvorm met groot oorringe in hulle ore, en alles, rokke wat in hulle ingegiet is, en geen wonder die sondaar . . . Kyk, ons het die outydse soort nodig. Ek glo in die outydse, agterveldse, hemel-blou, sonde-dodende godsdiens. Dis reg, broer. Dit sal jou nie verdoesel nie, maar dit sal jou wit was. Dis reg. Maak jou van binne na buite, deeglik gereinig. En Jesus Christus is die Outeur van daardie verlossing, Fontein oop vir almal.

126 En soos julle daardie takbokkies sien, soos daardie sluipende hond wat opkom op hulle . . . Baiekeer onder in die suide hier, het hulle, onder in Louisiana het hulle—hulle die takbok met 'n hond gejag, Ek het altyd gedink dit was wreed. Die hond gaan jag, laat hom gaan; jy gaan self jag, los dan die hond by die huis. So toe . . . toe die . . . Hom dopgehou toe hy gehardloop het met hierdie takbokkies; en Dawid het so-iets gesien.

127 En dan wanneer die—die hond baie maklik opglip en hy die takbokkie sien, het hy 'n—'n toertjie om hulle keel af te sny. Die wolf, hy het twee bloedtande, steek uit soos *daardie*, en hy hou

die takbok dop, en wanneer hy reg daarby is, sal hy baie vinnig hardloop, vinnig breek, so vinnig dat die takbok hom nie eers sien nie, en hy gryp die takbok en sink daardie slagtande net soos 'n slang reg agter sy oor in, en die slagaar loop reg agter sy oor verby, dan swaai die wolf sy gewig, soos daardie twee messe wat daar insteek en sny die takbok se keel af en hy sak inmekaar, want hy was nie op waak nie.

128 Dis wat die probleem was met die kerk, nie op waak nie, iets is verkeerd. Ou Broer Kelly het altyd 'n lied gesing:

> Ons het die standaarde laat sak,
> Ons het toegegee met sonde.
> Ons het die standaarde laat sak, die skape het uitgekom,
> Maar hoe het die bokke ingekom?

129 Julle het die standaarde laat sak, dit was al, begin toegee.

130 Die—die gemeente, wat vir hulle pastoor stem, sou een of ander bedrieër neem, in plaas van 'n man wat regtig 'n outydse was, helse vuur en swawel-prediker, wat die Evangelie sou hanteer met sy kaal hande in plaas van Hollywood handskoene aan.

131 Die wêreld is vol Hollywood evangelisasie, ons het dit nie nodig in Pinkster nie, laat dit uitgaan waar dit hoort. Ons wil die outydse soort hê, die soort wat die waarheid vertel, lê die byl teen die wortel van die boom en laat die spaanders val waar hulle wil. Dis reg. Terug na die Evangelie, broer. Ek sal liewer in 'n skare wees om Jesus te gaan ontmoet met vyf van daardie, as 'n honderdduisend andersins. Verskil: Die eerlikheid en reinheid van die siel en die hart in die teenwoordigheid van God . . . [Leë kol op band—Red.]

132 Nou, as daardie takbokkie baie vinnig is, en dit staan daar, soos menige klein dogtertjie vanaand, wat een of ander klein juffroutjie in die pad afgekom het, en sy sal uitgaan, nie van beter weet nie, 'n klomp lipstiffie op haar gesig sit, en haarself verf, en haar wenkbroue maak soos daardie. As God jou so wou hê, sou Hy jou so gemaak het in die eerste plek, jy sien.

133 En, julle weet, in Pinkster leer hulle iewers hierrond, ek het dit verskeie kere gekry, bevryding van vroue. Wat in die . . .? Wat is die probleem met julle mense? Bevryding? Christus gee bevryding van die wêreld, dis die enigste bevryding wat ons het. Ek dink julle manne wat dit leer benodig 'n bietjie bevryding, van die bande van die gevangenis. Geen bevryding . . . Wanneer jy in Christus is, as jy die wêreld liefhet, of die dinge wat betrekking het op die wêreld, is die liefde van God nie eens in jou nie. Die Bybel sê dit.

134 Dis 'n groot ding vir 'n Calvinis om te sê; maar ek's 'n Calvinis solank as Calvin in die Bybel bly, wanneer hy uit die Bybel uitkom, dan is ek 'n Armeense. Ek glo in die regte Waarheid

van God se Woord. Hulle het albei iets gehad, maar hulle het uitgegaan op takke en daarbuite gesterf. Maar die Bybel lewe steeds in die stam van die boom, presies reg, dis in die Heilige Gees. As jy God liefhet, begeer jy nie eens om daardie dinge te doen nie, reg; as jy hulle wil doen, dan is die liefde van God nie meer in jou nie. Dis wat die Skrif sê.

135 Maar nou, broer, as jy oplet hoe die kerk in hierdie konglomerasie van vrolikheid beland het, wat het gebeur? Was altyd, jy wou nie jou kinders na die rolprentvertonings toe laat gaan nie, die duiwel het jou daarop oorwin, hy het die televisie in die huis gesit, dis reg, hy het dit gedoen. Nou, ek sê nie daar kom nie goeie dinge deur die televisie nie, maar jy moet net oppas wat jy aan- en afskakel. Julle het Oral Roberts of iemand daarop, of een of ander goeie ding soos daardie, kyk daarna, as dit nie is nie, hou dit af. Dis reg. En as jou kinders dit nie wil doen nie, hou die ding uit jou huis uit, dis presies reg, dis . . . en dit sal beter wees vir jou, dis reg, in jou alles.

136 Dit lyk net asof die hele ding is . . . Die hele ding is siek van die kop tot die voete. Net 'n sondige, konglomerasie van vuilheid, dis hoe dit lyk. Geen wonder die Bybel het gesê: "Al die tafels is vol braaksel," nie. Dit reg.

137 "Wie sal Ek Doktrine leer? Wie kan . . . ? Hulle wat gespeen is van die bors."

138 Gaan net aan, sê: "Wel, prys God, ek—ek het die Heilige Gees, ek het *dit*, *dat*, of die *ander* gedoen." As jy dit nie lewe nie, broer, is daar iets verkeerd. Dis waar.

139 Dors na God. O, hoe dit kon wees . . . Selfs een profeet het gesê hy het selfs gebloos toe hy in die Teenwoordigheid van God gekom het. Wat dink die Heilige Gees vanaand, wat ons Leermeester is, wat opkom voor die Vader om die toestand van die kerk te bring, hoedat ons van die kerkmense vanaand, sulke dinge toelaat om voort te gaan in ons preekstoele, hoe ons die standaarde laat sak, ons mense, ons mense wat aanspraak maak om God te ken en met daardie dinge laat wegkom? God wees ons genadig! Hy sal ons laat antwoord by die Oordeelsdag vir daardie dinge. Dis waar.

140 Nou laat ons oplet net 'n oomblik, daardie takbokkie, as hy baie vinnig is, as hy die—die, as die—as die wolf 'n beweging maak, van 'n aard, en hy sien die wolf kom, hy kon spring, en partymaal kan hy homself beweeg. Nou, die tweede beste plek vir die wolf as hy nie die keel kan sny nie . . . As hy die keel sny, maak die takbok net 'n paar spronge en dis dood, dis weg, en net 'n paar minute word dit alles oorgeneem deur honde, net opgevreet, die bene gebleik.

141 En luister, dierbare suster, daardie eerste ruk-en-rol partytjie toe jy uitgeglip het en nie vir ma vertel het nie, sien, en jy het geneem die . . . Jou—jou mamma het jou geleer om nie

daardie goed te dra en om—om nie die dinge te doen wat jy doen nie, maar jy het gedink dit was oulik, kyk sus, skat. . . En jy, maatjie, jy wat daardie sigaretjie rook, dink, net omdat die seuns jou 'n sissie genoem het, ek sou enigiets genoem word. Solank ek Christus dien, watter verskil maak dit? Dis reg.

142 En wat? Jy gaan daar uit, en waarom doen jy daardie dinge? As jou moeder jou daardie kortbroeke en goed laat dra buite op die straat, 'n klein, jong dingetjie soos jy is, sy behoort haar vir haarself te skaam, dis presies reg, sy behoort te wees. Maar waarvoor doen jy dit, skat? Ek wil julle vra, ek het ook twee dogters wat net hier sit, ek wil vir julle iets vra: Waarom doen julle dit? Jy doen dit nie om voor God te verskyn nie. Jy sit nie manikuur op jou gesig nie. . . Ek maak 'n fout daarmee, dis nie dit nie, wat dit ook al is wat jy aansit, is verf. . . Wat—wat jy ook al. . . Jy sit dit nie op jou gesig om jou man te ontmoet nie. As jy 'n man het wat jou so wil sien, kry hom gered. Dis reg. Jy doen dit om voor mense te verskyn, besef jy dit nie.

143 Jy trek daardie ou klein rokkies aan, soos ek nou die aand vir julle gesê het, wulps te lyk, en hierdie seuns vir jou fluit, noem dit die wolwefluit: "*Wheet-whew!*" Dit is, 'n hond van die hel, presies reg, presies reg, en hy volg jou, en hy sal jou kry as jy nie oppas nie. Kom vinnig van hom af weg, en as jy vinnig genoeg kan ontduik, sal jy daarvan ontslae raak.

144 As die hond nie die takbok aan die keel kan kry nie, vang hy hom volgende reg in die sy, daar's 'n plek, reg in die sy, want dis die middelbalans van die takbok. Die agterstewe is swaarder as die voorkant, ons weet dit, en met die nek, ensovoorts, balanseer dit.

145 En dan as die wolf kan gryp en die nek mis, en as hy weer kan gryp, vinnig, en die takbok aan die sy vang, begin hy dit swaai, regs en links soos *daardie*, totdat die middel van die takbok, hy het dit aan die swaai, die arme dingetjie kan nie meer op sy voete kom nie, en dit gooi dit op die grond, binne net 'n paar minute, word sy opgevreet.

146 Dis hoe die duiwel dit doen, sus; dis hoe hy dit doen, maatjie. Dis reg. En voor jy jou kom kry, het jy die afspraak met daardie eerste seuntjie, begin met daardie eerste ruk-en-rol. . . Wie het ooit gehoor. . . ? En julle probeer almal sê. . .

147 En hierdie mense wat julle vertel dat Elvis Presley, niks teen die man nie, hy's net 'n sondaar, maar ek wil iets sê, sê hy's godsdienstig, want hy sing liedere op die. . . Broer, daardie. . . Ek. . . Hier's my waarneming: Daar's een verskil tussen Judas Iskariot en Elvis Presley, hy was 'n Pinksterseun, Judas Iskariot het dertig silwerstukke gekry, Elvis Presley het 'n vloot Cadillacs en 'n miljoen dollar gekry, hulle het albei uitverkoop. Dis presies reg. Die grootste bedrieër waarvan ek weet, Pat Boone en al

die res van hulle, dis presies reg, Arthur Godfrey en Pea-Picker Ernie.

148 Enigiemand, as jy na sulke goed soos daardie luister, dit wys dat die duiwel jou bevredig met die gemors van Hollywood, in plaas van . . . Al—al daardie lojaliteit wat jy spandeer op skurke soos daardie, daardie lof behoort julle aan die Almagtige God te gee, want Hy's 'n jaloerse God. Daardie kêrels kan staan en liedere sing, en trane in hulle oë laat kom soos krokodille.

149 Luister, ek het toevallig met skape geboer, dit neem 'n ware skaapman om die verskil te ken tussen 'n blêr van 'n wolf en 'n, of, 'n blêr van 'n lam en 'n bok, hulle albei blêr dieselfde, dit het niks daarmee te doen nie. As jou lewe nie ooreenstem met God se Bybel nie, is jy steeds in duisternis. Dis reg. En die mees misleidende ding wat daar in die wêreld is, is die godsdienstige dinge, aansit godsdiens.

150 Ons het 'n kêrel daar in Louisville, wat selfmoord gepleeg het nou die dag. Hy sou soontoe gaan, en ou ruk-en-rolle heelnag lank, en uit na groot danse, en op Sondagoggend kom en die Evangelie op die radio preek.

151 Dis 'n skande! Geen wonder sondaars weet nie wat om te doen nie, wonder hulle weet nie wat om te dink nie. Ja. En hulle sê: "Wel, hulle kry resultate." God sal Sy Woord eer as Dit verkondig is deur 'n prostituut, Hy sal Sy Woord eer; maar God help daardie sondige siel wat naboots en iets soos daardie probeer doen. O, broer!

152 Julle mense, as julle die wolf gemis het, God seën julle siel; en as jy nie kan nie, sal hy dit neergooi, en net binne 'n paar minute word dit opgevreet. Jou sedes sal geruïneer word, sus; en broer, jy sal dit nooit oorleef solank as wat jy op hierdie aarde lewe nie, maak nie saak hoeveel jy vergewe nie.

153 Hier nie lank gelede nie, 'n pragtige, jong vrou by die altaar, sy het gehuil en gehuil, en ons kon haar nie kry om Christus te aanvaar nie. Ek het agter in 'n kamertjie ingegaan en haar gevra, ek het gesê: "Wat makeer, sus?" Ek het gesien sy gaan moeder word.

154 En sy het vir my gesê, sy het gesê: "Broer Branham, ek is grootgemaak in 'n Christenhuis, ek—ek—ek . . . My vader en moeder is Nasaréners, en ons is 'n streng lewe grootgemaak, heiligmaking." En sy het gesê: "Ek het eenkeer uitgegaan saam met 'n seuntjie, en 'n bottel in sy sak gehad, hy was baie gewild, hy kon dans, en ek wou nie so-iets doen nie, ek is anders grootgemaak." En sy het gesê: "Nou, Broer Branham," gesê: "toe, voor jy jou kom kry, het ek 'n Coke drankie geneem een aand, dit was gemeng met een of ander soort van 'n—'n floupil," en gesê: "ek het wakker geword in 'n motelkamer die volgende oggend, my sedes was geruïneer, en hier gaan ek 'n moeder wees."

Ek het gesê: "God sal jou vergewe, meisie."

155 Sy het gesê: "Ja, Broer Branham, dis reg, Hy sal my vergewe, maar hierdie merk sal ek dra tot die lengte van my lewe."

156 Dis reg, dit sal by jou spook, jy sal nooit jou man in die gesig kyk en weer reg wees nie; en jy sal nooit jou vrou in die gesig kyk en weer reg wees nie. God sal jou vergewe, maar daardie litteken is daar.

157 Luister, wanneer daardie dier gegryp word, daardie takbokkie, en die wolf sou dit skud . . . Nou, as die takbok baie slim is, as jy hulle ooit dopgehou het, kan die takbok baie vinnig draai en spring, ver sywaarts, en as die wolf nie te diep houvas het nie, sal dit 'n groot handvol uitruk, of groot mondvol, liewer, uit die takbok se sy. Wat moet die takbokkie dan doen terwyl die wolf tuimel en rol met hierdie mondvol vleis? Die bloed begin spuit, en wanneer dit gebeur, moet die takbok hardloop vir al wat werd is, alles.

158 En, O God, as daar ooit 'n tyd was wat vroue en mans behoort te hardloop vanaand, hardloop vir julle lewe, hardloop vir jou lewe, dierbare vriend, hardloop vir jou lewe!

159 En let op, hier is waar Dawid dit gekry het. Nou, my jagterbroer hierbinne, wie jy ook al is, jy weet dit, daardie takbokkie wat bloei soos daardie, moet by water kom. Ek het hulle self gewond, hulle geskiet, en hulle hoog of laag geskiet, een, en hulle dopgehou . . . as hy ooit by water kom, sal jy hom nooit kry nie. Hy sal net aanhou om heen-en-weer te kruis, hy sal nooit daardie water verlaat nie, hy sal net heen-en-weer gaan, en jy kan hom nie kry as jy moes nie, solank hy kon stop en 'n goeie drankie kry, aangaan oor die heuwel, en reguit terugkom en homself dubbel terugbring. Jy kan heeldag lank sy spoor sny, solank hy water kan kry, hy's, sal hy lewendig bly, maar hou hom weg van water af, sal hy sterf.

160 En o, broer, Dawid het gesê: "Soos die hert dors na die waterstroom, dors my siel na U, O God." Ek moet Hom vind, of ek sal vergaan, ek is gewond, en ek moet die waters van die Lewe vind, of ek sal vergaan. "God, ek het by kerke aangesluit, ek het van *dit* en van *dat* weggeruk, van *hierdie* strik na die *ander*." Maar as jy nie die Waters van die Lewe vind nie, sal jy vergaan. Maar eenmaal in daardie water ingaan, is hy daar, hy sal bly waar daar 'n Fontein van die Lewe is, wat vryelik vloei vanaand in die huis van Dawid, in die stad van God. O, mense, haas, honger, dors. "Geseënd is hulle wat honger en dors na geregtigheid, want hulle sal gevul word." Sien, hulle moet.

161 As jy gewond is vanaand, as die duiwel 'n stuk uit jou uitgehaal het, en jy dors: "Wat kan ek doen, Broer Branham? As Jesus vanaand sou kom . . . "

162 Luister, daar's nie 'n ding wat ons weerhou om as te wees in die oggend nie. Dis reg. Net 'n ekstra sluk vodka, alles is opgestel, en een van daardie bomme, wanneer sal dit ontplof? 'n Honderd

vyf-en-sewentig voet diep, honderd-en-vyftig vierkante myl. In watter soort skuiling gaan jy inkruip? Daar's niks, verskoon my, daar's een, dis gemaak van vere: onder Sy vlerke sal ons bly. Voor dit gebeur, sal die Kerk Huis toe gaan.

163 As jy gewond is vanaand, sus of broer, laat ons nou na die Fontein toe kom, terwyl ons ons hoofde net 'n oomblik buig. Moenie iets probeer vervang vir daardie dors nie. Luister, kind van my, broer en suster van my, ek waardeer dat jy 'n Baptis, Metodis, of Pinkster, of 'n Nasaréner is, dis goed, ek waardeer dit, maar o, kind, luister na 'n outydse prediker wat glo God lewe en regeer: Jy sal nooit tevrede wees totdat jy eenmaal die Water van die Lewe drink nie, dan sal jy nooit weer daardie Fontein verlaat nie. Kom, proe.

164 Terwyl ons wag, net 'n oomblik: "Daar is 'n Fontein, gevul met Bloed," sal jy nie net Daarnatoe kom, net waar jy is, in jou sitplek, nou nie. Ek wil hê jy moet eerlik wees, ek moet net binne 'n oomblik met julle oor iets praat, voel ek in my hart, net nou gaan ek julle iets vra: Voel jy regtig jou behoefte? Is jou liefde steeds vir die wêreld, geniet jy—jy regtig om die dinge van die wêreld te hoor of die dinge van die wêreld te doen? As jy dit doen, sal jy net jou hand opsteek? Nou, elke oog toe, asseblief.

165 Sal julle net julle hande opsteek na Christus, en sê: "Christus, ek dors na U. My hart verlang na U soos 'n gewonde takbok verlang na die waterstroom. Ek wil 'n karakter wees, hier as 'n vreemdeling wil ek myself gedra soos 'n ware gelowige. God, laat my weet dat U my Vader is, en ek wil weet dat U met my is vanaand, ek wil U Teenwoordigheid voel, net soos die arend het met sy vlerke, waarvan ons gepraat het. Ek wil optree soos die Neger het wat 'n vreemdeling in 'n vreemde land was, maar geweet het hy was 'n koning se seun. Ek wil van die vyand af weghardloop, Here, ek—ek breek net los, vanaand, ek moet U vind, God. Ek dors, ek moet U hê of sterf."

166 Voel julle regtig so daaroor? As jy wel, sal jy net jou hand opsteek na Hom en sê: "God, wees my genadig"? Steek net jou hand op, waar jy ook al is. Sê: "Wees my genadig, O God, ek wil U hê."

167 Buitekant? God seën jou. Steek jou hand op, sê: "God, wees my genadig, ek wil Jesus nou hê." Julle bedoel daar's net een persoon hier vanaand hierbinne, byna 'n duisend mense? Twee? Dankie, en God skenk die seëninge. Drie, daaragter. Net omtrent, ek reken, seshonderd, sewehonderd mense hier, miskien, en julle bedoel . . . ? God seën jou, jongkêrel. Dis reg.

168 As jy dit regtig bedoel in die dieptes van jou siel, as jou siel dors na God, steek jou hand op, sê: "God, regtig . . . "

169 "O, ek's Pinkster, Broer Branham. Ek het die Heilige Gees ontvang. Ek het in tale gepraat. Ek—ek—ek het gedans in die Gees. Ek het gesing in die Gees."

170 Al daardie dinge is goed, broer, ek het niks daarteen nie, dis alles reg, dis God, maar wag 'n bietjie, as jy nie daardie ware iets het om te hou nie . . .

171 'n Kêrel het na my toe gekom, nie lank gelede nie, en gesê hy was oral, hy het na Billy Graham toe gegaan, en Billy het gesê: "Steek jou hand op, ontvang jy Christus." Gesê: "Billy het gesê: 'Dis nou verby.'" Gesê: "Ek het na die Vrye Metodis toe gegaan, hulle het gesê: 'Jy's nie bly genoeg om te skree nie, jy het dit nie ontvang nie.'" Gesê: "Toe het ek gebid, totdat ek bly genoeg was om te skree," gesê: "ek het dit nie ontvang nie." Gesê: "Ek het na 'n ander evangelis toe gegaan," wat ek nie sy naam sal noem nie, wat julle baie goed ken hier, "hy het vir my gesê ek het dit nie, tensy ek in tale gepraat het nie." Gesê: "Ek het daar gebly, en hulle het getrou by my gebly totdat ek in tale gepraat het." En gesê: "Broer Branham, ek het dit steeds nie."

172 "Ek wil vir jou iets vertel," het ek gesê: "kêrel, sien, wat het jy vir my 'n rukkie gelede gesê? Dat jy eenmaal 'n groot sakeman was, jy het vir jou vrou gesê wat afgegaan het na die Pinksterkerk en gered is, gesê sy het die Gees op haar gekry, sy het 'n ander lewe gelei, en gesê sy het opgegaan in Tennessee." Hy was van Minneapolis. Gesê, hy het opgegaan in Tennessee, sy het, na 'n diens, na 'n kampdiens toe. En hy het 'n kar verkoop, en teruggekom, sy hand in sy sak gesteek om die sleutels te kry om vir 'n dame te gee, en hy het 'n kaartjie gekry, gesê: "Waar gaan jy die Ewigheid deurbring?"

173 Gesê: "In elk geval, ek's verby veertig jaar oud, dit sal afgehandel moet word." Hy het vir sy vrou gesê hy het nooit vir God omgegee nie, gesê hy was net eenmaal in sy lewe in die kerk. Hy het dit in die vullisdrom gegooi, hy kon nie wegkom daarvan nie, hy het dit weer opgetel, hy het dit weer gegooi, en hy het dit weer opgetel. Hy het sy motors verkoop en dit vir predikers gegee, om genade by God te probeer vind.

Ek het gesê: "Meneer, jy hoef nie jou karre te verkoop om vir predikers te gee nie, jy hoef dit nie te gedoen het nie," Ek het gesê: "jy het alreeds Christus ontvang."

Hy het gesê: "Broer Branham, het ek Hom ontvang toe ek in tale gepraat het, of toe ek geskree het, of toe ek my hande opgesteek het?"

174 Ek het gesê: "Nie een van dit nie, jy het Hom ontvang toe Hy aan jou deur geklop het. Wat het jou verander? Wat het die verskil gemaak? Jy het in 'n pad afgegaan een rigting, nie omgegee vir God nie." Ek het gesê: "Skree is goed, om jou hande op te steek is goed, praat in tale is goed, hulle is almal, goed, maar dis nie heeltemal die waarheid nie, om Christus te ontvang, is om die Persoon van Christus te ontvang, om Christus te ontvang. Dan vind die uitroep en praat in tale plaas, daarna."

175 Ontvang Christus. Jy kan skree en in tale praat en Hom nie hê nie. So, as jy nie daardie gevoel het wat jou laat voel vir jou broer nie, die een wat aan die Kerk van God behoort, en jy behoort aan die Gemeente van God, of andersom, of aan die Eenheid, Tweeheid, Drieheid, wat dit ook al mag wees, vir al die res van hulle, as die—as die denominasionele grense nie in jou hart gebreek is nie, is daar iets verkeerd. As jy nie plek kan maak vir jou broer, vir hom lief wees ongeag van hoe hy gedoen het, of wat jy dink hy is nie, as jy hom liefhet, sal jy na hom toe gaan in 'n liefdevolle, goedhartige gees, hom net liefhê, in elk geval, reg by hom bly. Wees net baie sout, en dan sal hy dors wees om soos jy te wees.

176 Dis waarvan ek praat, Pinksterkerk, dis wat ons nodig het, dis waarom ons nie genesingsdienste kan hou soos ons behoort te hê nie, ons moet 'n fondasie hê om dit op te lê. God kan dit nie doen totdat die Kerk terugkom by die plek waar dit moet wees nie, ons kan dit nie doen nie, vriend, ons moet Lewe weer laat werk, totdat jy Lewe kry, kan jy niks doen nie.

177 Die smid kan sy materiaal nie slaan voordat dit rooiwarm word nie, dan sit hy dit onder die valhammer. Dis waar die Kerk vanaand nodig het, is 'n terugroep na God. Ons sit . . . 'n Sondaar kan na die altaar toe begin gaan, en ek was in baie van ons Pinksterdienste, en heiliges sal sit en hom dophou, sê: "Wel, dis baie goed." Genade, goedheid!

178 Wel, ek onthou in die ou Kentucky Baptiste kerk, sou 'n ou sondaarseun van buite af kom, of iewers, hy sou nooit by die altaar kom nie, vyftien of twintig ou mammies sou reg op hom wees soos daardie: "O God, hoe dankbaar is ons nie, ons het vir jare gebid vir hierdie seun!" Sekerlik, hulle het hom daaronder in die altaar gekry, hom op die rug geslaan tot hy deurgekom het. Dis reg. Ons het dit weer vanaand nodig. Dis wat ons vanaand nodig het, 'n belangstelling.

179 Julle weet, die Heilige Gees het net diegene gemerk wat gesug en gehuil het oor die gruwels wat daar in die stad gedoen word, dis wat die Bybel gesê het. Wat as Hy na Dallas toe kom, vanaand? Kan jy jou hand gaan lê op enige Pinkster, Baptis, Presbiteriaan, Lutheraan wat huil, en bid, en vas, dag en nag vir die sondes wat in Dallas gedoen word? Dink nou in jou gedagte, is dit jou huis? Of is dit jou bure se huis? Waar is daardie kêrel? Los dit by jou. Dink nou daaraan.

180 Sal jy jou hand opsteek, sê: "God, gee in my so 'n honger vir siele dat ek nie kan rus nie, ek iets daaraan sal moet doen. God, laat my dors na U."

181 "Miskien het die duiwel my gebyt en my vergiftig, en ek weet dit nie, maar my siel vergelyk nie daarmee nie." God seën jou, dame. God seën jou. Dis goed. God seën jou, hier, dame. Dis reg. Steek julle hande op. Moenie skaam wees nie, beslis nie.

As jy skaam is vir Hom . . . God seën jou, jongman. As jy skaam is . . . God seën jou daar oorkant, dame. God seën jou daaragter, meneer. Dis goed.

182 "As julle skaam is vir My . . . " Wat? Wie is Hy? Die Heilige Gees, wat net hier in die gebou beweeg, dis Hy. Goed. Is julle klaar? Ek wil bid. God seën jou, jongkêrel. Bid dat God jou klein siel sal seën, skat, 'n groot man van jou sal maak. God seën jou daar oorkant, dierbare suster, net by die draaipunt van die lewe, mag God jou red.

183 Met julle hoofde gebuig wil ek dit sê: Ek het die voorreg gehad om 'n paar, omtrent twee jaar gelede in Indië in te gaan, daar was 'n stukkie in die koerant wat gesê het: "Die aardbewings moet verby wees." Indië het nie heinings, en dinge, soos julle hier in Texas het, en rondom nie, hulle heinings is gemaak van klip, en die dag voor die aardbewing kom, het al die voëltjies wat in daardie heinings, en klippe, gewoon het, en, in die woude ingegaan, weggevlieg, al die skape en beeste wat om die mure gebly het in die skaduwee, het uitgegaan en in die son gestaan. Hoekom? God het met hulle gepraat: "Daardie mure gaan val." En hulle het daarbuite gebly tot die tweede dag, en toe het hulle almal weer ingekom, en hulle het geweet dit was 'n teken dat die aardbewings verby was.

184 As God met 'n dier kan praat, met 'n voëltjie, om na veiligheid toe te vlieg, en vir 'n dier om uit te kom in die middel van die veld en weg te kom van die mure af, hoeveel kan die Heilige Gees met julle praat vanaand: "Kom weg van hierdie moderne Babilon af, kom weg van al hierdie verwarring, en—en *sogenaamde* godsdiens vandag, vlieg reg in die middel van God se genade in, vlieg reg in die kruis in en hou daaraan vas en sê: 'O Jesus, red my'"? God kan diere waarsku soos Hy het in die dae van Noag, en Hy doen dit vandag nog, Hy sou sekerlik mense kon waarsku wat die Heilige Gees het.

185 En in die wete dat een of ander uur, binnekort, hierdie Amerika oordeel moet ontvang . . . As God Amerika nie oordeel nie, sal Hy verplig wees om vir Sodom en Gomorra op te rig en om verskoning te vra dat hulle verbrand is. Amerika is net so laag as wat Sodom ooit was, en 'n regverdige God kan dit nie verduur nie. Hierdie is my volk, ja, maar dis verrot tot die kern.

186 Dit is nie Kommunisme wat ons verslaan nie, nee, nee, dis ons eie verrotheid wat dit doen. Dit is nie 'n rooiborsie wat aan die appel pik wat dit wond nie, dis die wurm in die kern, ja, vrees dit.

187 Steek nou jou hand op, sê: "God, wees my genadig, ek wil nou kom." God seën jou, meneer. Nog een keer, gaan ons van regs na links. Steek jou hand op, sê: "Onthou my, Broer Branham, terwyl jy bid." God seën jou, kêreltjie, hier. God seën jou. God seën jou daaragter, vir jou, ja, daar's 'n dosyn of twee hande agter.

God seën julle. Hierrond na die linkerkant. Nou ver daaragter. Ja, daar, die gekleurde mense daaragter aan die agterkant, daaragter aan die agterkant, God seën jou, ver daaragter, God sy met jou. My Mexikaanse vriende, God seën julle.

Goed, kom ons bid.

188 Nou, net op 'n nederige, liefdevolle manier, wil ek hê julle moet net buig, en in jou hart sê: "Nou, Here, hier is ek, ek's gewond, en ek moet na die water toe kom, ek moet U vind, Here, my siel dors."

189 Here, neem die—die groep, dit was omtrent, miskien 'n honderd hande, of miskien nie soveel nie, maar 'n hele paar hande is opgesteek, hulle is klein tekens van hierdie boodskap vanaand. En hulle het gekom en hulle hande opgesteek, en ek glo die, met die integriteit van hulle hart, U weet dit, Here, dat hulle U liefhet, en hulle is—hulle is skaam vir die lewe, en die dinge wat hulle nagelaat het, en hulle wil na U toe kom. God, laat die Heilige Gees net nou afkom na hulle siel toe, spreek liefdevol en vreedsaam met hulle, sê: "Kind, al is jou sondes soos skarlaken, hulle sal wit wees soos sneeu; rooi soos karmosyn, wit soos wol." Skenk dit, Here.

190 Nou, U het dit gesê: "Hy wat na My toe kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie." En weer, staan daar geskrywe: "Niemand kan kom, tensy My Vader hom trek nie." Wat beteken dit? Dat God hier in hierdie gebou is, met individue praat, en hulle steek hulle hande op om Christus te aanvaar. Nou, God, U sal hulle vir Christus, U Seun, gee, en hulle is liefdesgawes. "Niemand kan hulle uit die hand ruk nie." Skenk dit, Here.

191 As ek nooit hulle hand skud in hierdie wêreld nie, mag ek in staat wees om dit te doen wanneer ons oorgaan. Eendag wanneer die lewe verby is, kom die groot Bruilofsmaal, en die groot tafels is gereed, en ons kyk oor die tafel, ek hoop om iemand te hoor sê: "Broer Branham, ek was in Dallas daardie aand."

192 Die trane wat teen ons wange afloop, die Koning sal uitkom en alle trane van ons oë afvee, sê: "Moenie meer huil nie, kinders, dis nou alles verby. Gaan in die vreugdes van die Here in." God, ons verlang na daardie dag. Bewaar hulle, Here, in U volmaakte genade totdat ons hulle sien. In Christus se Naam, Amen.

193 Ek's so jammer om julle laat te hou, dis tienuur, ek's jammer om so laat te wees. Hoeveel het die Evangelie lief? Laat sien. . . Ek maak nooit aanspraak om 'n prediker te wees nie, ek's net soort van 'n spaarband, en ek. . . jy gebruik 'n spaarband wanneer jy 'n pap wiel het. Maar ons het nie 'n papwiel nie, julle sien dit, maar, ons het baie goeie bande, maar ek—ek het net gekom om te praat, dis die eerste keer wat ek hierdie soort diens gehou het, vir 'n geruime tyd.

194 Maar ek was vandag getref toe my, een van my medewerkers, Mnr. Mercier, my vertel het dat mense geslaap het in hierdie

bosse hierrond, gewag het vir gebedsdiens. Is dit waar? Hoeveel het gekom vir 'n genesingsdiens? Laat ons julle hande sien. Kom, wou hê ek moet vir julle bid, steek jou hand op.

195 Ek wil vir julle iets vertel, die rede waarom ek hierdie diens geneem het, soos julle dit geadverteer gesien het, net alleen gepreek, ek het pas uit 'n dertig-dag diens gekom, ek's so swak en moeg, daardie visioene maak my amper dood.

196 Daar's groot manne reg op hierdie platvorm vanaand, wat gebroke is. Kyk na Tommy Hicks nou. Sien? Een ineenstorting net na 'n ander. Kyk na die mans wat van die veld afgaan, en ek weet nie van enige van hulle wat visioene sien nie, dis wat jou doodmaak. Dis waarom ek dit gedoen het, ek het dit so gedoen, vriend, dit was my doel van die volgende drie dienste, net om te preek, dis wat ek kom doen het.

197 Maar toe ek vandag gehoor het . . . Ek was oorkant in . . . My klein Indiaanse vriende woon reg in dieselfde motel hieronder by my, toe hulle siek hier gesit het, het ek dit geweet, ek kon hulle nie laat teruggaan soos daardie nie. Hulle het al die pad van ver oorkant in die land daar af gekom, hulle het net gehoor dat ek hier gaan wees, en hulle het gesê: "Ons het gedink jy sal vir die siekes bid." Net genoeg geld om twee aande te bly. Ek het nie genoeg gehad om hulle op daardie tyd te gee nie. Ek's 'n arm man, ek—ek nie . . .

198 Julle weet self, ek het nog nooit in my lewe 'n offerande opgeneem nie, beplan nie om dit te doen nie. God se genade. Sien? Mense gee my nou en dan 'n ietsie, dis . . . Ek nooit . . . Ek kom nie daarvoor nie, God weet ek's oop en skoon daarvan. Dis reg. En ek, as daar ooit enigiets is wat ek oor het, stuur ek dit net so reguit na die sendings toe as wat ek kan, God weet die waarheid. Sien? Ek het nie veel geld nie.

199 Maar toe Mnr. Mercier my vertel het, het hy gesê: "Daar's mense wat net hier is in hierdie . . . slaap in hierdie bosse hierrond in die aand in motors, Broer Branham, hulle wil hê jy moet vir hulle bid." Ek het dit nie geweet nie. As dit so is, en julle wil hê ek moet, sal ons môre-aand begin in genesingsdienste, ons sal genesingsdienste begin hou. Ek sal bly wees om dit te doen, net heeltemal in orde. Ek is bereid om te preek, enigiets te doen wat ek kan om die lewe gelukkiger, beter te maak vir julle. Sien?

200 En ek waardeer al my predikerbroers, ensovoorts, hier, ons sal help. En as die Here wil, môre-aand, hoeveel wil graag 'n genesingsdiens hê soos die outydse genesingsdienste wat ons altyd gehad het? Steek net julle hande op. Ek gee nie om wie jy is nie, net . . . Goed. Dit gee dan 'n getuienis vir my in my hart dat God wil hê ek moet dit doen. Goed.

201 En môremiddag sal ek vir Billy oorstuur, 'n paar gebedskaartjies uitdeel, en môre-aand na die Boodskap verby

is, sal ons vir die siekes bid. En as ek moeg word en uitval, het ek baie ondersteuning hierbo wat my sal help.

202 Het julle Hom lief? God seën julle. Nou, dit vereis 'n absoluut, vir myself . . . Visioene . . . Hoeveel was al ooit in een van my dienste? Laat ons julle hande sien. Hoeveel was nog nooit in een nie? Laat ons julle hande sien. Twee maal soveel wat nog nooit was nie. Goed. Mag die Here dit skenk.

203 Nou môre, sê ek julle wat julle doen: Gebruik die telefoon, begin julle siekes en beproefdes bring, julle sal die Heerlikheid van God sien. Kyk of Hy nie nét soveel Geneser is as wat Hy Verlosser is nie; kyk of Hy net so magtig in die stryd is as wat Hy is wanneer Hy buite die stryd is. Hy's dieselfde Here God. Het julle Hom lief? Sê, Amen. [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dit, ek hou daarvan om julle dit te hoor sê. Nou, God seën julle.

204 Kom ons buig ons hoofde net 'n oomblik. Ek gaan vra: Hoeveel wil onthou word in gebed vir ander dinge van, miskien 'n nader wandel, en wat nog. Steek julle hande op, sal julle?

205 Hoe laat is julle middagdienste môre? ['n Broer sê: "Een-dertig."—Red.] Een-dertig. Wel, ek sal kyk of Billy 'n paar kaartjies het. As hulle nie het nie, sal ons 'n paar kry, of vir julle *iets anders* gee. O, julle het alreeds sommige, wel, dis goed. Goed. Net sodat ons die mense in 'n ry kan hou.

206 Almal wat nou 'n behoefte aan God het, op enige manier, steek julle hande op na Hom en sê: "God, ek het U lief," soos U doen. "God, ek het U lief." Met ons hoofde gebuig . . . Broer Vinyard. Ek vra vir Broer Vinyard, hier nou, of hy sal . . .

58-0611 Dors Na Die Lewe
Tentdiens
Dallas, Texas V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org